# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **45c** Local
Buitelands 60c Other countries
Posvry • Post free

VOL. 253 KAAPSTAD, 2 JULIE 1986
CAPE TOWN, 2 JULY 1986 No. 10326

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1408. 2 Julie 1986

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 72 van 1986: Wet op Identifikasie, 1986.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1408. 2 July 1986

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 72 of 1986: Identification Act, 1986.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Om voorsiening te maak vir die samestelling en instandhouding van 'n bevolkingsregister ten opsigte van die bevolking van die Republiek; vir die uitreiking van identiteitsdokumente en sertifikate van geboortebesonderhede aan persone wie se name in die bevolkingsregister opgeneem is; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 27 Junie 1986.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing.

**1.** (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "bevolkingsregister" die in artikel 2 bedoelde bevolkingsregister; (ix)
(ii) "Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal: Binnelandse Sake; (iii)
(iii) "distriksverteenwoordiger" 'n persoon wat kragtens artikel 21 (1) *(b)* as 'n distriksverteenwoordiger aangestel is; (iv)
(iv) "gemagtigde verteenwoordiger" 'n persoon of liggaam wat kragtens artikel 21 (2) as 'n verteenwoordiger van die Departement van Binnelandse Sake aangestel is; (i)
(v) "gewone verblyfplek", met verwysing na 'n persoon, behoudens subartikel (2), die plek waar die betrokke persoon sy gewone verblyf het; (viii)
(vi) "hierdie Wet" ook die regulasies; (xiv)
(vii) "identiteitsdokument" 'n identiteitsdokument uitgereik ingevolge artikel 8 (1) *(a)*; (vi)
(viii) "Minister" die Minister van Binnelandse Sake; (vii)
(ix) "regulasie" 'n regulasie uitgevaardig kragtens artikel 20; (xii)
(x) "sertifikaat van geboortebesonderhede" 'n sertifikaat van geboortebesonderhede in artikel 7 bedoel; (ii)
(xi) "streekverteenwoordiger" 'n persoon wat kragtens artikel 21 (1) *(a)* as 'n streekverteenwoordiger aangestel is; (xi)
(xii) "tydelike identiteitsertifikaat" 'n dokument uitgereik ingevolge artikel 9; (xiii)
(xiii) "vingerafdrukke" ook palmafdrukke; (v)
(xiv) "voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf. (x)

(2) By die toepassing van hierdie Wet word die gewone verblyfplek van—

*(a)* 'n student aan 'n universiteit, universiteitskollege, opleidingskollege vir onderwysers, technikon, nywerheidskool, hoër tegniese skool, hoër handelskool of ander

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To provide for the compilation and maintenance of a population register in respect of the population of the Republic; for the issue of identity documents and certificates of particulars of birth to persons whose names are included in the population register; and for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 27 June 1986.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

**1.** (1) In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "authorized representative" means a person or body appointed under section 21 (2) as a representative of the Department of Home Affairs; (iv)

(ii) "certificate of particulars of birth" means a certificate of particulars of birth referred to in section 7; (x)

(iii) "Director-General" means the Director-General: Home Affairs; (ii)

(iv) "district representative" means any person appointed under section 21 (1) *(b)* as a district representative; (iii)

(v) "fingerprints" includes palmprints; (xiii)

(vi) "identity document" means an identity document issued in terms of section 8 (1) *(a)*; (vii)

(vii) "Minister" means the Minister of Home Affairs; (viii)

(viii) "ordinary place of residence", with reference to any person, means, subject to subsection (2), the place where the person concerned is ordinarily resident; (v)

(ix) "population register" means the population register referred to in section 2; (i)

(x) "prescribed" means prescribed by regulation; (xiv)

(xi) "regional representative" means any person appointed as a regional representative under section 21 (1) *(a)*; (xi)

(xii) "regulation" means a regulation made under section 20; (ix)

(xiii) "temporary identity certificate" means a document issued in terms of section 9; (xii)

(xiv) "this Act" includes the regulations. (vi)

(2) For the purposes of this Act the ordinary place of residence of—

*(a)* a student at a university, university college, teachers' training college, technikon, industrial school, technical high school, commercial high school or any other college or school, shall be deemed to be the place where he actually resides for the purpose of receiving training at the university, college or school concerned;

kollege of skool, geag die plek te wees waar hy werklik woon met die doel om onderrig aan die betrokke universiteit, kollege of skool te ontvang;

*(b)* iemand wat ingevolge artikel 22, of uit hoofde van die tweede voorbehoudsbepaling by artikel 2 (1), van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), of uit hoofde van artikel 33 van die Polisiewet, 1958 (Wet No. 7 van 1958), ononderbroke of heeltydse opleiding ondergaan, of wat basiese opleiding as 'n bewaarder in die Gevangenisdiens van die Departement van Justisie of as 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisiemag ondergaan, geag die plek te wees wat hy as sy woonadres aangedui het op enige stuk wat hy in verband met en voor die aanvang van daardie opleiding voltooi het;

*(c)* iemand wat as gevolg van die aard van sy beroep dikwels sy verblyfplek moet verander en wat nie 'n vaste woonplek aanhou nie, geag die plek te wees waar sy hoofbesigheidsplek geleë is, of, as hy in diens is, waar die hoofbesigheidsplek van sy werkgewer, of die kantoor of besigheidstak van sy werkgewer vanwaar sy besoldiging betaal word, geleë is;

*(d)* iemand wat in die Republiek gedomisilieer is en in diens is van die Staat of van 'n statutêre liggaam soos omskryf in artikel 1 (1) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), of van 'n instelling of liggaam bedoel in artikel 84 (1) *(f)* van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet No. 32 van 1961), en werksaamhede buite die Republiek verrig of aan die diens van die regering van 'n ander land afgestaan is (en die eggenote of kind van so iemand wat by hom inwoon), terwyl hy sodanige diens verrig en gedurende 'n tydperk van twee maande daarna, geag die plek te wees waar die hoofkantoor van die Staatsdepartement of administrasie op die diensstaat waarvan hy 'n pos beklee, of die hoofkantoor van die betrokke statutêre liggaam of van die betrokke instelling of liggaam, na gelang van die geval, geleë is of, indien hy uitdruklik aldus versoek, die plek waar 'n woning geleë is waarvan hy die geregistreerde eienaar is;

*(e)* 'n Suid-Afrikaanse burger wat sy vaste woonplek het in 'n onafhanklike staat op grond wat voorheen deel van 'n provinsie van die Republiek uitgemaak het, geag die plek te wees waar die landdroskantoor in daardie provinsie wat, in 'n reguit lyn gemeet, die naaste aan sy vaste woonplek is, geleë is; en

*(f)* 'n Minister, 'n Adjunk-minister of 'n lid van 'n Huis van die Parlement wat vanweë sy amptelike pligte genoodsaak word om vir minstens die grootste gedeelte van 'n jaar op 'n bepaalde plek te woon (en die eggenote of kind van so 'n Minister, Adjunk-minister of lid wat by hom inwoon), geag die plek te wees waar hy aldus vir sodanige grootste gedeelte van 'n jaar woon: Met dien verstande dat indien hy 'n verkose lid is vir 'n afdeling soos omskryf in artikel 1 van die Kieswet, 1979 (Wet No. 45 van 1979), waarin hy of sy vrou ook die geregistreerde eienaar van 'n woonhuis of 'n woonstel is en hy die Direkteur-generaal aldus skriftelik versoek, sy gewone verblyfplek geag word die plek te wees waar daardie woonhuis of woonstel geleë is: Met dien verstande voorts dat indien hy die Direkteur-generaal aldus skriftelik versoek, die plek waar hy gewoonlik woon wanneer hy nie vanweë sy ampspligte genoodsaak is om elders te woon nie, geag word sy gewone verblyfplek te wees.

Samestelling en instandhouding van bevolkingsregister.

**2.** (1) Die Direkteur-generaal moet, so gou doenlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet, op die voorgeskrewe wyse 'n bevolkingsregister vir die Republiek saamstel en daarna in stand hou.

(b) a person undergoing continuous or full-time training in terms of section 22, or by virtue of the second proviso to section 2 (1), of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), or by virtue of section 33 of the Police Act, 1958 (Act No. 7 of 1958), or basic training as a warder in the Prisons Service of the Department of Justice or as a constable in the South African Railways Police Force, shall be deemed to be the place indicated by him as his residential address on any document completed by him in connection with and prior to the commencement of such training;

(c) a person who owing to the nature of his occupation is required to change his place of residence often, and who does not retain a home, shall be deemed to be the place where his principal place of business is situated, or, if he is in employment, where the principal place of business of his employer, or the office or branch business of his employer from which his remuneration is paid, is situated;

(d) a person domiciled in the Republic who is in the service of the State or of a statutory body as defined in section 1 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act No. 66 of 1975), or of an institution or a body contemplated in section 84 (1) *(f)* of the Provincial Government Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), and performs any functions outside the Republic or has been seconded to the service of the government of any other country (and the wife or child of any such person who resides with him), shall, while he is engaged in such service and during a period of two months thereafter, be deemed to be the place where the head office of the State department or administration on the establishment of which he occupies a post, or the head office of the statutory body concerned or of the institution or body concerned, as the case may be, is situated, or, if he expressly so requests, the place where any dwelling of which he is the registered owner is situated;

(e) a South African citizen who has his home in an independent state on land which previously formed part of a province of the Republic, shall be deemed to be the place where the magistrate's office in that province which is the nearest to his home, measured in a straight line, is situated; and

(f) a Minister, a Deputy Minister or a member of a House of Parliament who on account of his official duties is obliged to reside at any particular place for at least the greater part of a year (and the wife or child of any such Minister, Deputy Minister or member who resides with him), shall be deemed to be the place where he so resides for such greater part of a year: Provided that if he is an elected member for any division as defined in section 1 of the Electoral Act, 1979 (Act No. 45 of 1979), in which he or his wife is also the registered owner of any dwelling-house or flat and he so requests the Director-General in writing, his ordinary place of residence shall be deemed to be the place where such dwelling-house or flat is situated: Provided further that if he so requests the Director-General in writing, the place where he ordinarily resides when he is not obliged to reside elsewhere on account of his official duties shall be deemed to be his ordinary place of residence.

**Compilation and maintenance of population register.**

**2.** (1) The Director-General shall, as soon as practicable after the commencement of this Act, in the prescribed manner compile and thereafter maintain a population register for the Republic.

(2) Die besonderhede wat nodig is vir die samestelling en instandhouding van die bevolkingsregister word deur die Direkteur-generaal op die voorgeskrewe wyse verkry uit die stukke wat aan hom beskikbaar mag wees.

Reproduksie van stukke.

**3.** (1) Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet, kan die Direkteur-generaal ten opsigte van 'n deur hom bepaalde persoon of klas persone enige stuk waaruit die bevolkingsregister saamgestel of in stand gehou word, reproduseer of laat reproduseer deur middel van 'n proses wat volgens sy oordeel sodanige stukke noukeurig en duursaam reproduseer, en kan hy daardie reproduksies in plaas van sodanige stukke bewaar of laat bewaar.

(2) 'n Reproduksie bedoel in subartikel (1) word, ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet, vir alle doeleindes geag die oorspronklike stuk waarvan dit gereproduseer is, te wees, en 'n afskrif van so 'n reproduksie wat deur die Direkteur-generaal as 'n juiste afskrif gesertifiseer is, is in enige geregshof afdoende bewys van die inhoud van die betrokke oorspronklike stuk.

Persone wie se name in bevolkingsregister opgeneem moet word.

**4.** Daar word in die bevolkingsregister die name opgeneem van—

*(a)* alle persone wat wettiglik blywend in die Republiek woonagtig is;

*(b)* alle persone wat in die Republiek gedomisilieer is en in diens is van die Staat, 'n statutêre liggaam soos omskryf in artikel 1(1) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), of 'n instelling of liggaam bedoel in artikel 84 (1) *(f)* van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet No. 32 van 1961), en werksaamhede buite die Republiek verrig of aan die diens van die regering van 'n ander land afgestaan is, asook van die eggenote of kind van so iemand wat by hom inwoon; en

*(c)* alle Suid-Afrikaanse burgers wat blywend woonagtig is in 'n onafhanklike staat waarvan die grondgebied voorheen deel van die Republiek uitgemaak het, en wat nie burgers van so 'n staat is nie.

Toewysiging van identiteits- en geboorte-inskrywings nommers.

**5.** (1) Die Direkteur-generaal moet aan elke persoon wie se naam in die bevolkingsregister opgeneem is 'n identiteitsnommer en 'n geboorte-inskrywingsnommer toewys.

(2) 'n Identiteitsnommer word op die voorgeskrewe wyse uit syfers saamgestel en bestaan, benewens 'n serie-, indeks- en kontrolenommer, uit 'n weergawe, in syferkodes, van die volgende besonderhede, en geen ander besonderhede hoegenaamd nie, van die persoon aan wie dit toegewys is, naamlik—

*(a)* sy geslag en geboortedatum; en

*(b)* die feit of hy 'n Suid-Afrikaanse burger is al dan nie.

(3) *(a)* 'n Geboorte-inskrywingsnommer word op die voorgeskrewe wyse uit syfers saamgestel en bestaan uit dieselfde nommers en syferkodes as dié van 'n identiteitsnommer bedoel in artikel 6 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950), soos daardie artikel bestaan het onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet.

*(b)* 'n Identiteitsnommer wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge artikel 6 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950, toegewys is, word geag 'n geboorte-inskrywingsnommer te wees wat ingevolge hierdie subartikel toegewys is.

Besonderhede van persone wat in bevolkingsregister opgeneem moet word.

**6.** (1) Daar word, ten opsigte van elke persoon wie se naam in die bevolkingsregister opgeneem word, die volgende toepaslike besonderhede wat aan die Direkteur-generaal beskikbaar is, op die voorgeskrewe wyse in die register opgeneem, naamlik—

*(a)* sy geboorte-inskrywingsnommer bedoel in artikel 5 (3);

*(b)* die vereiste besonderhede wat by die aangifte van geboorte verstrek moet word;

*(c)* indien hy reeds die ouderdom van 16 jaar bereik het, sy gewone verblyfplek en sy posadres, en indien hy gereg-

(2) The particulars required for the compilation and maintenance of the population register shall be obtained by the Director-General in the prescribed manner from the documents that may be available to him.

Reproduction of documents.

**3.** (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, the Director-General may, in respect of a person or class of persons determined by him, reproduce or cause to be reproduced any document from which the population register is compiled or maintained by means of any process which in his opinion accurately and durably reproduces such documents, and may preserve or cause to be preserved those reproductions in lieu of such documents.

(2) A reproduction referred to in subsection (1) shall, notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, for all purposes be deemed to be the original document from which it was reproduced, and a copy of such reproduction which has been certified by the Director-General as a true copy, shall in any court of law be conclusive proof of the contents of the relevant original document.

Persons whose names are to be included in population register.

**4.** There shall be included in the population register the names of—

*(a)* all persons who are lawfully permanently resident in the Republic;

*(b)* all persons domiciled in the Republic who are in the employ of the State, a statutory body as defined in section 1 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act No. 66 of 1975), or an institution or body referred to in section 84 (1) *(f)* of the Provincial Government Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), and perform functions outside the Republic or have been seconded to the service of the government of another country, including the wife or child of such person who resides with him; and

*(c)* all South African citizens who are permanently resident in an independent state the territory of which previously formed part of the Republic, and who are not citizens of such state.

Assignment of identity and birth entry numbers.

**5.** (1) The Director-General shall assign an identity number and a birth entry number to every person whose name is included in the population register.

(2) An identity number shall be compiled in the prescribed manner out of figures and shall, in addition to a serial, index and control number, consist of a reproduction, in figure codes, of the following particulars, and no other particulars whatsoever, of the person to whom it has been assigned, namely—

*(a)* his sex and date of birth; and

*(b)* the fact whether or not he is a South African citizen.

(3) *(a)* A birth entry number shall be compiled in the prescribed manner out of figures and shall consist of the same numbers and figure codes as those of an identity number referred to in section 6 of the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950), as that section existed immediately prior to the commencement of this Act.

*(b)* An identity number assigned in terms of section 6 of the Population Registration Act, 1950, before the commencement of this Act, shall be deemed to be a birth entry number assigned in terms of this subsection.

Particulars of persons which shall be included in population register.

**6.** (1) There shall, in respect of every person whose name is included in the population register, be included in the population register the following relevant particulars available to the Director-General, namely—

*(a)* his birth entry number referred to in section 5 (3);

*(b)* the required particulars to be furnished when notice of birth is given;

*(c)* if he has attained the age of 16 years, his ordinary place of residence and his postal address, and if he is entitled

tig is om as 'n kieser vir die doeleindes van die Kieswet, 1979 (Wet No. 45 van 1979), of 'n ander Wet van die Parlement met betrekking tot die verkiesing van lede tot die een of ander wetgewende raad of liggaam, geregistreer te wees, die kiesafdeling en stemdistrik of ander gebied ten opsigte waarvan hy aldus geregtig is om as kieser geregistreer te wees;

*(d)* indien hy 'n Suid-Afrikaanse burger is maar nie so 'n burger deur geboorte is nie, die datum van sy naturalisasie of registrasie as so 'n burger, en, indien hy 'n vreemdeling is en nie in die Republiek gebore is nie, die datum van sy binnekoms in die Republiek, en die land waarvan hy 'n burger is;

*(e)* die besonderhede aangaande sy huwelik vervat in die betrokke huweliksregister of ander stukke met betrekking tot die aangaan van sy huwelik, en die ander besonderhede aangaande sy huwelikstaat wat aan die Direkteur-generaal verstrek word;

*(f)* 'n onlangse foto van homself, indien hy reeds die ouderdom van 16 jaar bereik het;

*(g)* behoudens die bepalings van subartikel (3), sy vingerafdrukke, indien hy reeds die ouderdom van 16 jaar bereik het;

*(h)* besonderhede aangaande paspoorte en permitte om die Republiek te verlaat wat aan hom toegestaan is;

*(i)* besonderhede aangaande sy bestuurderslisensies wat uitgereik of geldig is kragtens of uit hoofde van 'n ordonnansie van 'n provinsiale raad of 'n ander wet wat in die Republiek van krag is;

*(j)* sy besonderhede ingevolge artikel 42 (1) van die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet No. 75 van 1969), aangeteken in die register daarin vermeld;

*(k)* sy beroep;

*(l)* die amptelike taal waarin hy bedien wil wees vir die doeleindes van hierdie Wet;

*(m)* na sy dood, die vereiste besonderhede verstrek by die aangifte van sy dood, en na blywende vertrek uit die Republiek, behalwe na 'n onafhanklike staat waarvan die grondgebied voorheen deel van die Republiek uitgemaak het, die datum van sodanige vertrek, en besonderhede in verband met die kansellering op die voorgeskrewe wyse van sy identiteitsdokument of van daardie dokument met die uitsondering van die voorgeskrewe gedeelte daarvan (indien daar is); en

*(n)* enige ander besonderhede deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal as besonderhede wat, onderworpe aan die voorwaardes, uitsonderings of vrystellings (indien daar is) in die kennisgewing vermeld, in die bevolkingsregister opgeneem moet word.

(2) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat, ondanks die bepalings van subartikel (1), die besonderhede in paragrawe *(i)* en *(j)* van daardie subartikel of in enige van daardie paragrawe bedoel nie ten opsigte van enige persoon in die bevolkingsregister opgeneem moet word nie.

(3) Die bepalings van subartikel (1) *(g)* is nie van toepassing ten opsigte van 'n persoon aan wie 'n identiteitsdokument ingevolge artikel 13 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950), voor die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgereik is nie: Met dien verstande dat die vingerafdrukke van so 'n persoon geneem moet word binne vyf jaar na die inwerkingtreding van hierdie Wet of die korter tydperk wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

Sertifikate van geboortebesonderhede.

**7.** (1) Die Direkteur-generaal moet so gou doenlik na opname in die bevolkingsregister van die naam van 'n persoon bedoel in artikel 4 wat nog nie die ouderdom van 16 jaar bereik het nie, 'n sertifikaat van geboortebesonderhede in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse aan so 'n persoon uitreik.

(2) 'n Sertifikaat van geboortebesonderhede bevat slegs die

to be registered as a voter for the purposes of the Electoral Act, 1979 (Act No. 45 of 1979), or any other Act of Parliament relating to the election of members to any legislative council or body, the electoral division and polling district or other area in respect of which he is thus entitled to be registered as a voter;

*(d)* if he is a South African citizen but is not such a citizen by birth, the date of his naturalization or registration as such a citizen, and, if he is an alien and was not born in the Republic, the date of his entry into the Republic, and the country of which he is a citizen;

*(e)* the particulars as to his marriage contained in the relevant marriage register or other documents relating to the contracting of his marriage, and such other particulars concerning his marital status as may be furnished to the Director-General;

*(f)* a recent photograph of himself, if he has attained the age of 16 years;

*(g)* subject to the provisions of subsection (3), his fingerprints, if he has attained the age of 16 years;

*(h)* particulars concerning passports and permits to leave the Republic granted to him;

*(i)* particulars concerning his driver's licences issued or valid under or by virtue of an ordinance of a provincial council or any other law in force in the Republic;

*(j)* his particulars recorded in terms of section 42 (1) of the Arms and Ammunition Act, 1969 (Act No. 75 of 1969), in the register mentioned therein;

*(k)* his occupation;

*(l)* the official language in which he wishes to be served for the purposes of this Act;

*(m)* after his death, the required particulars furnished when notice of his death was given, and on permanent departure from the Republic, except for an independent state the territory of which previously formed part of the Republic, the date of such departure, and particulars concerning the cancellation in the prescribed manner of his identity document or of that document with the exception of the prescribed section thereof (if any); and

*(n)* any other particulars determined by the Minister by notice in the *Gazette* as particulars which, subject to the conditions, exceptions or exemptions (if any) mentioned in the notice, shall be included in the register.

(2) The Minister may by notice in the *Gazette* declare that, notwithstanding the provisions of subsection (1), the particulars referred to in paragraphs *(i)* and *(j)* of that subsection or in any of those paragraphs shall not be included in the population register in respect of any person.

(3) The provisions of subsection (1) *(g)* shall not be applicable in respect of a person to whom an identity document has been issued in terms of section 13 of the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950), before the commencement of this Act: Provided that the fingerprints of such a person shall be taken within five years after the commencement of this Act or such shorter period as the Minister may determine by notice in the *Gazette*.

Certificates of particulars of birth.

**7.** (1) The Director-General shall as soon as practicable after inclusion in the population register of the name of a person referred to in section 4 who has not attained the age of 16 years, issue a certificate of particulars of birth in the prescribed form and manner to such person.

(2) A certificate of particulars of birth shall contain only the

volgende toepaslike besonderhede, en geen ander besonderhede hoegenaamd nie, aangaande die persoon op wie dit betrekking het, naamlik—

*(a)* sy geboorte-inskrywingsnommer bedoel in artikel 5 (3) en die datum van uitreiking van die sertifikaat van geboortebesonderhede;

*(b)* sy volle naam, geboortedatum en geslag, en die plek waar, of die distrik of, in die geval van 'n persoon wat nie in die Republiek gebore is nie, die land waarin, hy gebore is; en

*(c)* of hy 'n Suid-Afrikaanse burger is al dan nie.

(3) 'n Sertifikaat van geboortebesonderhede wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge artikel 13 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950), uitgereik is, word geag ingevolge hierdie artikel uitgereik te wees.

Identiteitsdokumente.

**8.** (1) *(a)* Die Direkteur-generaal moet so gou doenlik na die ontvangs deur hom van 'n aansoek in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse om 'n identiteitsdokument van 'n persoon bedoel in artikel 4 wat reeds die ouderdom van 16 jaar bereik het, tesame met twee eksemplare van die foto bedoel in artikel 10, en nadat die betrokke persoon aan die bepalings van artikel 11 voldoen het, 'n identiteitsdokument in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse aan so 'n persoon uitreik.

*(b)* Die aansoek bedoel in paragraaf *(a)* moet gedoen word binne die tydperk wat ten opsigte van 'n bepaalde persoon of kategorie persone voorgeskryf word.

(2) 'n Identiteitsdokument mag slegs die volgende toepaslike besonderhede met betrekking tot die persoon aan wie dit uitgereik is, bevat, naamlik—

*(a)* sy identiteitsnommer bedoel in artikel 5 (2) en die datum van uitreiking van die identiteitsdokument;

*(b)* sy volle naam, geslag en geboortedatum en die plek waar, of die distrik of, in die geval van 'n persoon wat nie in die Republiek gebore is nie, die land waarin, hy gebore is;

*(c)* of hy 'n Suid-Afrikaanse burger is al dan nie;

*(d)* 'n onlangse foto van homself; en

*(e)* enige ander besonderhede in die bevolkingsregister deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal as besonderhede wat, behoudens die voorwaardes, uitsonderings of vrystellings (indien daar is) in die kennisgewing vermeld, in identiteitsdokumente opgeneem mag word.

(3) Tot tyd en wyl 'n identiteitsdokument ingevolge hierdie artikel aan 'n persoon uitgereik word, word—

*(a)* 'n identiteitsdokument bedoel in artikel 13 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950); of

*(b)* 'n bewysboek soos omskryf in artikel 1 van die Swartes (Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente) Wet, 1952 (Wet No. 67 van 1952),

wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet aan die betrokke persoon uitgereik is, geag 'n identiteitsdokument vir die doeleindes van hierdie Wet te wees.

Tydelike identiteitsertifikate.

**9.** Wanneer iemand om 'n identiteitsdokument aansoek gedoen het, of sy identiteitsdokument vir amptelike doeleindes ingelewer het by die Direkteur-generaal, kan die Direkteur-generaal op aansoek 'n tydelike identiteitsertifikaat in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse aan die betrokke persoon uitreik, wat, vir die tydperk en op die voorwaardes daarin vermeld, by die toepassing van hierdie Wet as sy identiteitsdokument beskou word.

Foto's.

**10.** Elke persoon bedoel in artikel 4 wat reeds die ouderdom van 16 jaar bereik het, moet op sy eie koste twee voorgeskrewe eksemplare van 'n onlangse foto van homself aan die Direkteur-generaal voorsien wanneer—

*(a)* hy aansoek doen om 'n identiteitsdokument ingevolge artikel 8 (1); of

following relevant particulars, and no other particulars whatsoever, concerning the person to whom it relates, namely—

(a) his birth entry number referred to in section 5 (3) and the date of issue of the certificate of particulars of birth;

(b) his full name, date of birth and sex, and the place where, or the district or, in the case of a person not born in the Republic, the country in which, he was born; and

(c) whether or not he is a South African citizen.

(3) A certificate of particulars of birth issued in terms of section 13 of the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950), before the commencement of this Act, shall be deemed to have been issued in terms of this section.

Identity documents.

**8.** (1) (a) The Director-General shall as soon as practicable after the receipt by him of an application in the prescribed form and manner for an identity document by a person referred to in section 4 who has attained the age of 16 years, together with two copies of the photograph referred to in section 10, and after the person concerned has complied with the provisions of section 11, issue an identity document in the prescribed form and manner to such person.

(b) The application referred to in paragraph (a) shall be made within such period as may be prescribed in respect of a specified person or category of persons.

(2) An identity document may contain only the following relevant particulars in relation to the person to whom it was issued, namely—

(a) his identity number referred to in section 5 (2) and the date of issue of the identity document;

(b) his full name, sex and date of birth, and the place where, or the district or, in the case of a person not born in the Republic, the country in which, he was born;

(c) whether or not he is a South African citizen;

(d) a recent photograph of himself; and

(e) any other particulars in the population register determined by the Minister by notice in the *Gazette* as particulars which, subject to the conditions, exceptions or exemptions (if any) mentioned in the notice, may be included in identity documents.

(3) Until such time as an identity document is issued to a person in terms of this Act—

(a) an identity document referred to in section 13 of the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950); or

(b) a reference book as defined in section 1 of the Blacks (Abolition of Passes and Co-ordination of Documents) Act, 1952 (Act No. 67 of 1952),

issued before the commencement of this Act to the person concerned, shall for the purposes of this Act be deemed to be an identity document.

Temporary identity certificates.

**9.** When any person has applied for an identity document, or has for official purposes lodged his identity document with the Director-General, the Director-General may on application issue to the person concerned a temporary identity certificate in the prescribed form and manner, which, for the period and on the conditions mentioned therein, shall for the purposes of this Act be regarded as his identity document.

Photographs.

**10.** Every person referred to in section 4 who has attained the age of 16 years shall at his own expense furnish two prescribed copies of a recent photograph of himself to the Director-General when—

(a) he applies for an identity document in terms of section 8 (1); or

*(b)* sy identiteitsdokument ingevolge artikel 15 (3) *(a)* deur 'n verbeterde identiteitsdokument vervang moet word.

Vingerafdrukke.

**11.** Elke persoon bedoel in artikel 4 wat reeds die ouderdom van 16 jaar bereik het, moet, wanneer hy om 'n identiteitsdokument aansoek doen of binne die tydperk bedoel in die voorbehoudsbepaling by artikel 6 (3), sy vingerafdrukke op die voorgeskrewe wyse laat neem sodat dit in die bevolkingsregister opgeneem kan word.

Verandering van gewone verblyfplek of posadres.

**12.** (1) Elke persoon wie se naam in die bevolkingsregister opgeneem is, moet, indien hy reeds die ouderdom van 16 jaar bereik het en 'n identiteitsdokument daarna aan hom uitgereik is, na 'n blywende verandering van sy gewone verblyfplek of sy posadres 'n distriksverteenwoordiger, streekverteenwoordiger of gemagtigde verteenwoordiger binne die voorgeskrewe tydperk en op die voorgeskrewe wyse van daardie verandering van verblyfplek of posadres in kennis stel.

(2) Enige persoon wat 'n ander persoon in diens neem, of toestemming verleen dat 'n ander persoon blywende intrek neem op grond of 'n perseel wat aan eersgenoemde persoon behoort of ten aansien waarvan hy bevoeg is om sodanige toestemming te verleen, moet onverwyld 'n distriksverteenwoordiger, streekverteenwoordiger of gemagtigde verteenwoordiger op sy versoek in kennis stel van daardie indiensneming of intrek, na gelang van die geval, sowel as van die naam en adres van die ander persoon.

(3) 'n Gemagtigde verteenwoordiger en 'n distriksverteenwoordiger stuur onverwyld elke kennisgewing deur hom ontvang uit hoofde van subartikel (1) of (2) aan die streekverteenwoordiger vir die gebied ten opsigte waarvan die gemagtigde verteenwoordiger of distriksverteenwoordiger aangestel is.

(4) 'n Streekverteenwoordiger stempel elke kennisgewing deur hom ontvang uit hoofde van subartikel (1), (2) of (3) met die datum waarop hy dit ontvang het.

(5) Indien die Direkteur-generaal op grond van inligting tot sy beskikking van oordeel is dat 'n blywende verandering plaasgevind het ten opsigte van die gewone verblyfplek of die posadres van iemand wie se naam in die bevolkingsregister opgeneem is, kan hy die verandering op die voorgeskrewe wyse in die bevolkingsregister aanteken, en moet hy daarna die betrokke persoon op die voorgeskrewe wyse in kennis stel dat die verandering aangeteken is.

(6) 'n Verandering wat kragtens subartikel (5) ten opsigte van die gewone verblyfplek of posadres van iemand in die bevolkingsregister aangeteken is, word vir alle doeleindes geag in die bevolkingsregister aangeteken te wees op die datum wat ooreenkomstig subartikel (4) op die betrokke kennisgewing gestempel is.

Verifikasie van besonderhede.

**13.** Die Direkteur-generaal kan—

*(a)* enige persoon versoek om aan die Direkteur-generaal bewys voor te lê van die juistheid van enige besonderhede wat ten opsigte van so 'n persoon in enige stuk ingevolge hierdie Wet verstrek is; en

*(b)* ondersoek instel of laat instel na enige aangeleentheid ten opsigte waarvan besonderhede in die bevolkingsregister aangeteken moet word.

Bewys van identiteit.

**14.** (1) 'n Gemagtigde beampte soos omskryf in subartikel (3) kan te eniger tyd 'n persoon wat redelikerwys vermoed word die ouderdom van 16 jaar te bereik het, versoek om onverwyld sy identiteit aan daardie beampte te bewys deur—

*(a)* die voorlegging van sy identiteitsdokument soos omskryf in subartikel (4); of

*(b)* die aflegging van 'n beëdigde verklaring deur homself, of 'n ander geredelik beskikbare persoon wat homself ooreenkomstig paragraaf *(a)* aan die gemagtigde beampte geïdentifiseer het, waarin die voorgeskrewe besonderhede verstrek moet word.

(2) Indien dit onder die aandag kom van 'n beampte wat in diens van die Departement van Binnelandse Sake optree dat 'n

(*b*) his identity document is required to be replaced by an improved one in terms of section 15 (3) (*a*).

Fingerprints.

**11.** Every person referred to in section 4 who has attained the age of 16 years shall, when he applies for an identity document or within the period referred to in the proviso to section 6 (3), have his fingerprints taken in the prescribed manner so that they may be included in the population register.

Change of ordinary place of residence or postal address.

**12.** (1) Every person whose name is included in the population register shall, if he has attained the age of 16 years and an identity document has thereafter been issued to him, after any permanent change of his ordinary place of residence or his postal address, notify a district representative, regional representative or authorized representative within the prescribed time and in the prescribed manner of that change of residence or postal address.

(2) Any person who employs any other person or grants permission to any other person to take up permanent residence on land or premises belonging to the first-mentioned person or in respect of which he is competent to grant such permission, shall without delay notify a district representative, regional representative or authorized representative at his request of that employment or taking-up of residence, as the case may be, as well as of the name and address of such other person.

(3) An authorized representative and a district representative shall without delay transmit each notification received by him by virtue of subsection (1) or (2) to the regional representative of the area for which such authorized representative or district representative has been appointed.

(4) A regional representative shall impress on each notification received by him by virtue of subsection (1), (2) or (3) the date on which he received it.

(5) If the Director-General, on the ground of information at his disposal, is of the opinion that a permanent change has occurred in respect of the ordinary place of residence or the postal address of any person whose name is included in the population register, he may in the prescribed manner record the change in the population register, and shall thereupon notify the person concerned in the prescribed manner that the change has been recorded.

(6) Any change recorded in the population register under subsection (5) in respect of the ordinary place of residence or postal address of any person, shall for all purposes be deemed to have been recorded in the population register on the date impressed on the relevant notification in accordance with subsection (4).

Verification of particulars.

**13.** The Director-General may—

(*a*) request any person to furnish the Director-General with proof of the correctness of any particulars which have been furnished in respect of such person in any document in terms of this Act; and

(*b*) investigate or cause to be investigated any matter in respect of which particulars are required to be recorded in the population register.

Proof of identity.

**14.** (1) An authorized officer as defined in subsection (3) may at any time request any person reasonably presumed to have attained the age of 16 years to prove his identity without delay to that officer by—

(*a*) the production of his identity document as defined in subsection (4); or

(*b*) the making of an affidavit by himself, or another readily available person who has identified himself in accordance with paragraph (*a*) to the authorized officer, in which the prescribed particulars shall be furnished.

(2) If it comes to the attention of an officer acting in the service of the Department of Home Affairs that a person referred

persoon bedoel in artikel 4 wat reeds die ouderdom van 16 jaar bereik het, nog nie die bepalings van artikel 8 (1) *(b)* nagekom het nie, moet daardie beampte die voorgeskrewe stappe doen om te verseker dat daardie persoon onverwyld aansoek doen om 'n identiteitsdokument ingevolge hierdie Wet.

(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken "gemagtigde beampte"—

*(a)* 'n vredesbeampte soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977); of

*(b)* 'n persoon, of 'n lid van 'n kategorie persone, wat deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangewys is, en wat by die toepassing van hierdie artikel geag word so 'n vredesbeampte te wees.

(4) By die toepassing van subartikel (1) beteken "identiteitsdokument" ook—

*(a)* 'n sertifikaat van geboortebesonderhede of 'n tydelike identiteitsertifikaat;

*(b)* 'n paspoort, permit, identifikasiebewys of ander reisdokument bedoel in die Wet op die Reëling van Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet No. 59 van 1972), waarop die naam en 'n foto van die houer verskyn; of

*(c)* 'n ander bewys van identiteit deur die Staat uitgereik en waarop die naam en 'n foto van die houer verskyn.

Verbetering, kansellering en vervanging.

**15.** (1) Indien—

*(a)* 'n identiteitsdokument nie die besonderhede van die persoon aan wie dit uitgereik is korrek weergee nie of 'n foto bevat wat nie meer 'n herkenbare beeld van daardie persoon is nie; of

*(b)* 'n tydelike identiteitsertifikaat of sertifikaat van geboortebesonderhede nie die besonderhede van die persoon aan wie dit uitgereik is korrek weergee nie,

moet die betrokke persoon of die voog van die persoon aan wie die sertifikaat van geboortebesonderhede uitgereik is, na gelang van die geval, die identiteitsdokument, tydelike identiteitsertifikaat of sertifikaat van geboortebesonderhede, na gelang van die geval, binne die voorgeskrewe tydperk aan die Direkteur-generaal oorhandig of per aangetekende pos stuur.

(2) Indien 'n identiteitsdokument, tydelike identiteitsertifikaat of sertifikaat van geboortebesonderhede bedoel in subartikel (1) nie ooreenkomstig daardie subartikel oorhandig of gestuur word nie, kan die Direkteur-generaal op die voorgeskrewe wyse teruggawe daarvan verkry of daarop beslag lê.

(3) Indien die Direkteur-generaal uit hoofde van hierdie artikel in besit gekom het van—

*(a)* 'n identiteitsdokument, moet hy, behoudens artikel 9, dit onverwyld op die voorgeskrewe wyse kanselleer en, behoudens artikel 10, deur 'n verbeterde identiteitsdokument vervang; of

*(b)* 'n tydelike identiteitsertifikaat of 'n sertifikaat van geboortebesonderhede, moet hy onverwyld—

(i) die nodige verbeteringe direk op die tydelike identiteitsertifikaat of sertifikaat van geboortebesonderhede, na gelang van die geval, aanbring, indien dit na sy oordeel gedoen kan word; of

(ii) dit op die voorgeskrewe wyse kanselleer en vervang deur 'n verbeterde tydelike identiteitsertifikaat of sertifikaat van geboortebesonderhede, na gelang van die geval.

